

Is my baba hiperaktief?

Melodie de Jager

Baie televisie-programme en tydskrif-artikels handel oor hiperaktiwiteit en aandag-afleibaarheidsindroom (ADD). **Hiper** beteken **baie** en **aktiwiteit** beteken **beweging**.

Hiperaktiwiteit beteken dus baie beweging.

Wanneer mammas en pappas na hul gesonde, ontwikkelende baba kyk wat sonder ophou skop, wriemel en beweeg, is dit presies wat hulle sien - baie beweging. Die vraag: "Beteken dit my baba is hiperaktief?" kom dan onvermydelik by hulle op.

Jou baba is beslis nie hiperaktief nie. "Jy het nog nie my baba gesien nie" sal sommiges antwoord. *Hiperaktiwiteit* is normale gedrag vir 'n baba onder die ouderdom van 2, want hoe meer hul beweeg, hoe meer verbindings word in die brein gevorm asook die vorming van sterk spiere wat die opdragte van die brein uitvoer.

Professor Piaget het gesê: "n Kind se bewegings vorm die basis van sy leer. " Mammas weet uit ondervinding dat babas van 'n baie jong ouderdom af instinktief beweeg. Dit is asof hulle Prof Piaget hoor praat het en beweeg om die weg te baan vir latere leer...reeds al in utero!

Ongelukkig word babas te gereeld beperk tot stootwaentjies en karstoeltjies (buite die motor) en daarin vasgemaak. Of hul word vir ure aaneen aan mamma se lyf vasgebind. Die dra van baba teen mamma se liggaam is 'n **noodsaaklikheid** vir premature babas of babas wat tyd in die intensiewe sorgeneheid deurgebring het. Wanneer hulle egter gereed is, moet die liggaam, hande en voete "oopvou" om sodoende ontvanklik te wees vir leer. 'n Opgekrulde baba is 'n rustende en herstellende baba. 'n Baba "ontkrul" wanneer hy plat op sy rug of maag lê. 'n Baba met 'n oop liggaamshouding is 'n ontwikkelende baba, terwyl oop hande en voete gereed is om te verken en om die brein wakker te maak.

Elke beweging wat 'n baba natuurlik doen, ontwikkel 'n spesifieke area in die brein. Dit beteken dat wanneer 'n beweging of mylpaal oorgeslaan word, ontwikkel daardie spesifieke gedeelte van die brein nie ten volle nie. Dit mag aanvanklik nie opmerklik wees nie, maar in Graad 4, wanneer skoolwerk meer uitdagend word, word vroeë neurologiese swakhede dikwels duidelik.

BabaGim is die ideale manier om te verseker dat geen neurologiese swakhede voorkom nie, want dit boots **natuurlike fisiese ontwikkeling** na. BabaGim forseer nie babas om vinniger te ontwikkel nie, maar bied 'n prettige en nie-

kompeterende benadering tot natuurlike ontwikkeling. Deur spesifieke bewegings aan te moedig en te herhaal op verskillende maniere, bou BabaGim beter breine.

Beweging bedraad die brein – min beweging, min bedrading
- baie beweging, baie bedrading.

Sodra die brein suksesvol bedraad is, hou die noodsaaklikheid om aanmekaar te beweeg ook op. Die mees sensitiewe (ontvanklikste) tyd om die brein suksesvol te bedraad is vanaf konsepie tot 14 maande. 'n Bewegende baba is 'n baba wat hard aan die werk is, besig om die sintuie, die brein en die ledemate te bedraad ten einde opdragte uit te voer.

In 'n neutedop – 'n baba moet beweeg baie om uiteindelik in staat te wees om stil te sit - ses jaar later!

Haal baba uit waentjie, stoeltjie, LOOPRING en springtoestelle en sit hul plat op die ruggie **en** magie op 'n enkelkleurige kombes neer, sodat baba haar eie liggaam en wat dit kan doen kan ontdek!

www.babygym.co.za